

## Ditjies en datjies

Saamgestel deur ELNA GOUWS  
Streekbibliotekaris, Mosselbaastreek

Soos alle biblioteekpersoneel deesdae ondervind, word biblioteke smiddags toegepak deur leerders om aan verskillende skooltake en opdragte te werk. Met min personeel moet daar kortpaaie gekies word om almal so effektief moontlik te probeer help.

Ons maak tans baie gebruik van ons pamfletversameling. Alle koerante, tydskrifte, ensovoorts, word deurgewerk vir moontlike inligting vir take en navrae. Artikels word uitgeknipt en in groot bruin koevertte geplaas, buite op met die bepaalde onderwerp gemerk en dan alfabeties in 'n kabinet geliasseer. 'n Onderwerpskatalogus, wat ons graag wil implementeer, is nog net in 'n beginstadium.

Wanneer 'n lener of leerder inligting oor 'n spesifieke onderwerp benodig, word inligting oor die onderwerp en waar dit verkry is, op 'n bladsy neergeskryf:

- Saam met inligting wat uit 'n boek verkry word, word die outeur se van en voorletter, die eerste gedeelte van die titel en die standnommer neergeskryf
- vir artikels wat in die pamfletversameling is, word die inskrywing, 'sien pamfletversameling', neergeskryf
- soms word 'n persoon, wat 'n kenner van 'n sekere vakgebied is, se naam en besonderhede neergeskryf. Leners wat daarvoor inligting soek, word dan na dié persoon verwys
- oor sommige onderwerpe is daar baie inligting by die plaaslike kliniek beskikbaar. Die biblioteek maak seker van wat beskikbaar is en verwys dikwels die inligtingsoeker na die kliniek
- sekere take, byvoorbeeld, VIGS, die aarde, ensovoorts, word elke jaar deur leerders behandel. Sodanige

artikels word apart gerangskik en is slegs beskikbaar vir inhuise gebruik en fotostatering

- bronne word op 'n gereelde basis aangevul en bygewerk
- die byhou van 'n koerantargief gee vir personeel 'n aanduiding van die sake van die dag. Hierdie sake is dikwels die onderwerpe van take
- deur die biblioteek se voorraad te ken, kom 'n mens dikwels op 'n hoofstuk in 'n boek af wat baie nuttig gebruik kan word. Deur bloot na die titel van die boek te kyk, sou die inligting dikwels nie opgespoor kon word nie
- dit is ook belangrik om die graad van die leerders wat die inligting moet soek, neer te skryf, omdat beskikbare inligting dikwels nie op die vlak van die leerder is wat dit moet gebruik nie.

Moelike onderwerpe waarvoor inligting wel beskikbaar is:

- Dombra (musiekinstrument)  
**Encyclopaedia Britannica**
- Sporthelde  
~ Ouer garde 920  
~ Nuwer helde: tydskrifte soos **Sports Illustrated** asook plaaslike tydskrifte soos **Huisgenoot**
- Bekende persone, hetsy polities, musiek, wetenskaplik 920 of saamgestelde werke soos Dorling Kindersley Book of...
- Die werking van die gloeilamp/buislig  
Flint, Lane. **So werk dit.** 1977. p.188. (T 600 FLI)
- Juliaanse kalender  
**Wêreldfokus.** p.1342
- Godsdienste en kulture  
~ Collins, Michael. **The story of Christianity.** 1999. (A 270 CHR)  
~ Elion, Barbara. **Clued up on culture.** 2001. (291.0968 ELI)

*Kopkrappers voorsien die antwoorde op algemene vrae waarvoor bibliotekarisse daaglik te staan kom.*

*Verkry en beantwoord die navrae hiervandaan*

- ~ Kennis deel 3 p.566
- ~ Kennis deel 5 p.852
- ~ **Studieprojekte** deel 3 vanaf p.210
- Apartheid en die grondwet  
**Studieprojekte** deel 4 pp.7 & 53
- Apartheid  
**Alles oor Suid-Afrika.** p.47. 2001. (916.8 ALL)
- Nelson Mandela  
~ Malam, John. **Die vrylating van Nelson Mandela - 11 Februarie 1990.** 2002. (J 920 MAN)
- ~ Dell, Pamela. **Nelson Mandela: freedom for South Africa.** 1994. (J 920 MAN)
- Mbeki  
~ **Studieprojekte** deel 4 p.40  
~ **Alles oor Suid-Afrika.** 2001. p.46. (916.8 ALL)
- Menseregte  
~ Koerantuitknipsels JIP, Maandag 18 Maart 2002  
~ **Taalgenoot** Maart 2002.
- Vakansiedae  
Lowry, Stephen. **Know your national holidays.** 1995. (394.2696 LOW)
- Stevenson sonskerm  
Van Rensburg, Piet. **Weervoorspelling.** 1985. pp.13 & 15. (J T 551.6568 VAN)
- Algemene nuttige bronne  
~ *Coastcare fact sheets series*  
~ **The Stateman's yearbook**  
Politiek, kulture en ekonomie van verskillende lande.

